BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c | Woensdag, 16 April 1969 | WINDHOEK | Wednesday, 16 April 1969 | No. 2991

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

No. 56 Ordonnansies 1968: Uitvaardiging van 913

CONTENTS *Bladsy/Page*

GOVERNMENT NOTICE:

Ordinances, 1968: Promulgation of 913

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 56.]

ORDONNANSIES 1969: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring e heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Kontitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan lie volgende Ordonnansies wat hierby vir algemene inliging gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van genelde Wet:—

No.	*Titel*	*Bladsy*
No. 10	Wysigingsordonnansie op Huurgelde 1969 . .	914
No. 11	Wysigingsordonnansie op Huisvestings-inrigtings en Toerisme 1969	920
No. 12	Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring 1969	926
No. 13	Munisipale Wysigingsordonnansie 1969 . . .	928
No. 14	Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1969	930

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 56.]

ORDINANCES, 1969: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No.	*Title*	*Page*
No. 10	Rents Amendment Ordinance, 1969	915
No. 11	Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1969	921
No. 12	Nature Conservation Amendment Ordinance, 1969	927
No. 13	Municipal Amendment Ordinance, 1969 . . .	929
No. 14.	Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1969	931

No. 10 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Proklamasie op Huurgelde 1944 (Proklamasie 4 van 1944) en die Wysigingsproklamasie op Huurgeld 1951 (Proklamasie 54 van 1951) om die hoofproklamasie toe te pas op sake-persele; om die bevoegdhede van huurrade ten opsigte van die waardebepaling van grond uit te brei en nader te omskryf; om te bepaal op welke wonings die hoofproklamasie nie van toepassing is nie; om voorsiening te maak vir die kennisgewingtyd waar 'n werkgewer aan sy werknemer 'n woning verhuur en om voorsiening te maak vir aanverwante sake.

(Goedgekeur op 14 April 1969)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 1 van Proklamasie 4 van 1944 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 27 van 1967.

1. Artikel 1 van die Proklamasie op Huurgelde 1944 (Proklamasie 4 van 1944), hierna genoem die hoofproklamasie, word hierby gewysig —

(a) deur die woordomskrywing „vervangingskoste" te vervang deur die volgende woordomskrywing:— „ ‚vervangingskoste', die bedrag wat dit sal kos om 'n soortgelyke (nie 'n identiese nie) woning as dié waarvoor 'n redelike huur bepaal moet word, op te rig teen heersende boukoste, met inagneming, onder andere, van die —

(a) soort en aard van materiaal gebruik;

(b) wyse waarop die woning opgerig en afgewerk is;";

(b) deur die woordomskrywing „waarde" te vervang deur die volgende woordomskrywing:—

„ ‚waarde', met betrekking tot 'n woning die vervangingskoste van die woning minus die waardevermindering van hoogstens 5 persent per jaar van die ouderdom van daardie woning afhangende van die standaard van instandhouding en herstelling en ook met inagneming van die ligging van en omgewing waarin die woning geleë is; en met betrekking tot grond — 'n waarde wat die huurraad in al die omstandighede van 'n besondere geval as 'n redelike huurwaarde (wat met die markwaarde kan ooreenstem of nie) vir daardie grond vasstel, met inagneming, onder andere, van —

(a) enige munisipale waardasie;

(b) enige beëdigde waardasie;

(c) die doel waarvoor die grond aangewend of benut word;".

Wysiging van artikel 2A van Proklamasie 4 van 1944 soos ingevoeg by artikel 3 van Ordonnansie 27 van 1967.

2. Artikel 2A van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur subartikel (1) te vervang deur die volgende subartikel:—

„(1) Onderworpe aan die bepalings van artikel 18 moet die verhuurder van enige woning, uitgesonderd 'n werkgewer wat 'n woning aan sy werknemer verhuur, binne 30 dae nadat sodanige woning deur hom verhuur is, in 'n vorm soos van tyd tot tyd deur die Administrateur voorgeskryf mag word, aan sodanige huurraad kennis gee van enige sodanige woning deur hom verhuur.".

No. 10 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Rents Proclamation, 1944 (Proclamation 4 of 1944) and the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951) to apply the principal proclamation to business premises; to extend and define more closely the powers of rent boards in respect of the valuation of land; to determine to which dwellings the principal proclamation shall not apply; to provide for the period of notice to be given where an employer lets a dwelling to his employee and to provide for incidental matters.

(Assented to 14 April 1969)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 1 of Proclamation 4 of 1944 as amended by section 1 of Ordinance 27 of 1967.

1. Section 1 of the Rents Proclamation, 1944 (Proclamation 4 of 1944) — hereinafter called the principal proclamation — is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of "replacement cost" of the following definition:—

" 'replacement cost' means the amount that it will cost at ruling building costs to erect a similar (not identical) dwelling to that for which a reasonable rent is to be determined, taking into account, *inter alia,* the —

(a) kind and nature of material used;

(b) manner in which the dwelling has been erected and finished;";

(b) by the substitution for the definition of "value" of the following definition:—

" 'value', in relation to any dwelling, means the replacement cost of the dwelling minus depreciation of not more than 5 per cent *per annum* of the age of that dwelling, depending on the standard of maintenance and repair, and also taking into consideration the situation and environment in which the dwelling is situated; and in relation to land, means any value which the rent board in all the circumstances of a particular case determines to be a reasonable rent value (which may correspond with the market value or not) for that land, taking into account, *inter alia,* —

(a) any municipal valuation;

(b) any sworn appraisal;

(c) the purpose for which the land is used;".

Amendment of section 2A of Proclamation 4 of 1944 as inserted by section 3 of Ordinance 27 of 1967.

2. Section 2A of the principal proclamation is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:—

"(1) Subject to the provisions of Section 18 the lessor of any dwelling, except an employer letting a dwelling to his employee, shall, within thirty days after such dwelling is let by him, in such a form as may be prescribed by the Administrator from time to time, give notice to such rent board of any such dwelling let by him."

Wysiging van artikel 3 van Proklamasie 4 van 1944 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 16 van 1957, artikel 4 van Ordonnansie 27 van 1967 en artikel 1 van Ordonnansie 5 van 1968.

3. Artikel 3 van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 9A van Proklamasie 4 van 1944 soos ingevoeg by artikel 6 van Ordonnansie 27 van 1967.

4. Artikel 9A van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur na die woorde „kennis van verhuring van 'n woning gegee is" in te voeg die woorde „of behoort gegee te gewees het".

Invoeging van artikel 11A in Proklamasie 4 van 1944.

5. Die hoofproklamasie word hierby gewysig deur na artikel 11 die volgende artikel in te voeg:—

„Kwitansies vir huurgeld moet uitgereik word.

11A. 'n Verhuurder moet, by betaling van enige huur deur 'n huurder, aan sodanige huurder onverwyld 'n kwitansie uitreik ten opsigte van sodanige betaling, en sodanige kwitansie moet duidelik die adres aantoon van die woning en die tydperk waarvoor die huur betaal is. 'n Verhuurder wat versuim om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, begaan 'n oortreding en is strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand.".

Wysiging van artikel 12 van Proklamasie 4 van 1944.

6. Artikel 12 (3) van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur die woorde „vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende maande nie" te vervang deur die woorde „nie vir 'n tydperk van drie agtereenvolgende maande in die geval van 'n woning en twaalf agtereenvolgende maande in die geval van 'n sake-perseel soos omskryf in die Wysigingsproklamasie op Huurgeld 1951 (Proklamasie 54 van 1951)".

Vervanging van artikel 18 van Proklamasie 4 van 1944.

7. Artikel 18 van die hoofproklamasie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Wonings waarop Proklamasie nie van toepassing is nie.

18. Die bepalings van hierdie Proklamasie is nie van toepassing nie —

(a) op 'n woning geleë in 'n gebied waarvoor daar geen huurraad ingestel is nie;

(b) op 'n woning waarvan die huur beheer word of vasgestel moet word kragtens die bepalings van enige ander wet.".

Vervanging van artikel 2 van Proklamasie 54 van 1951.

8. Artikel 2 van die Wysigingsproklamasie op Huurgeld 1951 (Proklamasie 54 van 1951) word hierby vervang deur die volgende artikel:—

„Hoofwet van toepassing op sake-persele.

2. Die bepalings van die hoofwet is *mutatis mutandis* van toepassing op sake-persele en te dien einde word sake-persele beskou as wonings.".

Skrapping van artikel 3 van Proklamasie 54 van 1951.

9. Artikel 3 van die Wysigingsproklamasie op Huurgeld 1951 (Proklamasie 54 van 1951) word hierby geskrap.

Wysiging van artikel 4 van Proklamasie 54 van 1951, soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 24 van 1961.

10. Artikel 4 (1) van die Wysigingsproklamasie op Huurgeld 1951 (Proklamasie 54 van 1951) word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling te vervang deur die volgende voorbehoudsbepaling:—

„Met dien verstande dat ongeag die kennisgewingtyd wat hierdie artikel vereis —

(a) die huurder van 'n sake-perseel of 'n woning, na gelang, kan toestem tot 'n korter kennisgewingtyd;

3. Section 3 of the principal proclamation is hereby amended by the deletion of subsection (3).

Amendment of section 3 of Proclamation 4 of 1944 as amended by section 1 of Ordinance 16 of 1957, section 4 of Ordinance 27 of 1967 and section 1 of Ordinance 5 of 1968.

4. Section 9A of the principal proclamation is hereby amended by the insertion after the words "notice of the lease of a dwelling has been given" of the words "or should have been given".

Amendment of Section 9A of Proclamation 4 of 1944 as inserted by section 6 of Ordinance 27 of 1967.

5. The principal proclamation is hereby amended by the insertion after section 11 of the following section:—

Insertion of section 11A in Proclamation 4 of 1944.

"Receipts for rent to be issued.

11A On payment of any rent by a lessee a lessor shall forthwith issue to such lessee a receipt in respect of such payment, and such receipt shall clearly indicate the address of the dwelling and the period for which the rent is paid. Any lessor failing to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding twenty rand.".

6. Section 12 (3) of the principal proclamation is hereby amended by the substitution for the words "for a period of three consecutive months" of the words "for a period of three consecutive months in the case of a dwelling and twelve consecutive months in the case of business premises as defined in the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951)".

Amendment of section 12 of Proclamation 4 of 1944.

7. The following section is hereby substituted for section 18 of the principal proclamation:—

Substitution of section 18 of Proclamation 4 of 1944.

"Dwellings to which proclamation is not applicable.

18. The provisions of this proclamation shall not apply —

(a) to any dwelling situated in an area for which no rent board has been constituted;

(b) to any dwelling whose rent is controlled or required to be determined under the provisions of any other law.".

8. The following section is hereby substituted for section 2 of the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951):—

Substitution of section 2 of Proclamation 54 of 1951.

"Principal law applicable to business premises.

2. The provisions of the principal law shall *mutatis mutandis* apply to business premises and for that purpose business premises shall be deemed to be dwellings.".

9. Section 3 of the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951) is hereby deleted.

Deletion of section 3 of Proclamation 54 of 1951.

10. Section 4 (1) of the Rents Amendment Proclamation, 1951 (Proclamation 54 of 1951) is hereby amended by the substitution for the proviso of the following proviso:—

Amendment of section 4 of Proclamation 54 of 1951 as amended by section 1 of Ordinance 24 of 1961.

"Provided that notwithstanding the period of notice required by this section —

(a) the lessee of business premises or a dwelling, as the case may be, may agree to a shorter period of notice;

(b) 'n werknemer wat as 'n diensvoorwaarde 'n woning van sy werkgewer huur die woning moet ontruim binne sewe dae na die beëindiging van sy dienste tensy die werkgewer en die werknemer anders ooreengekom het.".

Kort titel.

11. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huurgelde 1969.

(b) any employee who leases a dwelling from his employer as a condition of service shall vacate the dwelling within seven days after the termination of his services unless the employer and the employee have agreed otherwise.".

Short title.

11. This ordinance shall be called the Rents Amendment Ordinance, 1969.

No. 11 van 1969.]

ORDONNANSIE

Om die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) te wysig om voorsiening te maak vir die wysiging van die woordbepaling van „huisvestingsinrigting"; om „gas" te omskryf; om die naam van die Adviesraad op Huisvestingsinrigtings en Toerisme in die Engelse teks te korrigeer; om die Administrateur te magtig om die tydperk vir registrasie van huisvestingsinrigtings te verleng; om voorsiening te maak vir die hou van gasteregisters; om voorsiening te maak vir die beskikking oor eiendom wat deur gaste in huisvestingsinrigtings gelaat word en om voorsiening te maak vir verbandhoudende sake.

(Goedgekeur op 14 April 1969)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 29 van 1967.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) — hierna genoem die hoofordonnnasie — word hierby gewysig —

(a) deur die skrapping in paragraaf (iii) in die woordbepaling van „huisvestingsinrigtings" van die komma en die woord „vakansieplaas";

(b) deur die invoeging na die woordbepaling van „huisvestingsinrigting" van die volgende woordbepaling:—

„(iiiA) ‚gas' enige persoon wat *bona fide* en teen betaling in 'n huisvestingsinrigting woon en slaap";

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 29 van 1967.

2. Artikel 2 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „Tourism Board" waar dit in die Engelse teks van die artikel en die kantskrif voorkom deur die woorde „Tourism Advisory Board".

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 29 van 1967.

3. Artikel 12 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na paragraaf (s) van die volgende paragrawe:—

"(sA) die vorm van die gasteregister wat ten opsigte van enige huisvestingsinrigting gehou en die besonderhede wat in so 'n register aangeteken moet word;

(sB) die voorwaardes waarop en die omstandighede waaronder eiendom wat by die eienaar of ander persoon in beheer van 'n huisvestingsinrigting in bewaring gegee of op 'n ander wyse deur 'n gas in so 'n inrigting gelaat word, verkoop of op 'n ander wyse oor beskik kan word, afgesien daarvan of dit ter vereffening is van enige bedrag verskuldig aan so 'n eienaar of ander persoon ten opsigte van losies en inwoning, al dan nie.

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 29 van 1967.

4. Artikel 13 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „of ingevolge regulasie uitgevaardig kragtens artikel 12 (1) (h) van registrasie vrygestel is nie" deur die woorde „of ingevolge regulasie uitgevaardig kragtens artikel 12 (1) (h), vrygestel is van al of enige van die vereistes vir registrasie nie: Met dien verstande dat as hy dit nodig ag, die Administrateur van tyd tot tyd deur middel van 'n

No. 11 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967) to provide for the amendment of the definition of "accommodation establishment"; to define "guest"; to correct the name of the Tourism Advisory Board in the English text; to empower the Administrator to extend the period for registration of accommodation establishments; to provide for the keeping of guest registers; to provide for the disposal of property left by guests in accommodation establishments and to provide for matters incidental thereto.

(Assented to 14 April 1969)
(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 29 of 1967.

1. Section 1 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

(a) by the deletion in paragraph (iii) in the definition of "accommodation establishment" of the comma and the words, "holiday farm";

(b) by the insertion after the definition of "accommodation establishment" of the following definition:—

"(iiiA) 'guest' means any person who *bona fide* and against payment lives and sleeps in an accommodation establishment;".

Amendment of section 2 of Ordinance 29 of 1967.

2. Section 2 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "Tourism Board" where they appear in the section and in the marginal note of the words "Tourism Advisory Board".

Amendment of section 12 of Ordinance 29 of 1967.

3. Section 12 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (s) of the following paragraphs:—

"(sA) the form of the guest register to be kept in respect of any accommodation establishment and the particulars to be entered in such register;

(sB) the conditions upon and the circumstances under which property deposited with the owner or other person in charge of an accommodation establishment or otherwise left in such establishment by a guest may be sold or otherwise disposed of whether or not in settlement of any debt due to such owner or other person in respect of board and lodging;".

Amendment of section 13 of Ordinance 29 of 1967.

4. Section 13 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "or has been exempted from registration by regulation made under section 12 (1) (h)" of the words "or has, by regulation made under section 12 (1) (h), been exempted from all or any of the requirements for registration: Provided that if he deems it necessary to do so the Administrator may from time to time by notice in the *Official Gazette*

kennisgewing in die *Offisiële Koerant* daardie tydperk kan verleng vir sodanige verdere tydperke soos hy bepaal."

Invoeging van artikels 14 A, 14 B en 14 C in Ordonnansie 29 van 1967.

5. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na artikel 14 van die volgende artikels:—

„Gasteregisters moet gehou word.

14A. (1) Enige eienaar of ander persoon in beheer van 'n huisvestingsinrigting moet 'n gasteregister hou of laat hou in die vorm by regulasie voorgeskrywe en moet by die aankoms van enige gas die nodige besonderhede ten opsigte van so 'n gas in so 'n register aanteken of laat aanteken.

(2) Enige sodanige eienaar of ander persoon wat versuim om so 'n register te hou of versuim om sodanige besonderhede in so 'n register aan te teken of te laat aanteken, en enige gas wat enige inligting wat nie juis is nie verstrek of in so 'n register aanteken, is skuldig aan 'n misdryf.

„Eiendom van gas kan verkoop word.

14B. (1) Enige eienaar of ander persoon in beheer van 'n huisvestingsinrigting aan wie enige gas 'n bedrag geld verskuldig is vir losies en inwoning, kan enige eiendom wat deur so 'n gas aan hom vir bewaring gegee is of in so 'n huisvestingsinrigting gelaat is, laat verkoop op sodanige voorwaardes en onder sodanige omstandighede soos by regulasie voorgeskryf word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op eiendom wat aan so 'n eienaar of ander persoon ingevolge artikel 14C vir bewaring oorhandig is, of wat in so 'n huisvestingsinrigting gelaat en nie binne ses maande na die datum waarop dit aldus vir bewaring oorhandig of gelaat is, opgeëis word nie.

„Beperking van aanspreeklikheid ten opsigte van 'n gas se eiendom.

14C (1) Geen eienaar of ander persoon in beheer van 'n huisvestingsinrigting is aanspreeklik om enige persoon te vergoed ten opsigte van enige verlies van of skade aan die eiendom van so 'n persoon gely terwyl so 'n persoon 'n gas in so 'n huisvestingsinrigting was, teen 'n groter bedrag as die som van veertig rand nie, tensy —

(a) daar bewys word dat die verlies of skade veroorsaak is deur 'n opsetlike handeling of as gevolg van die versuim of nalatigheid van so 'n eienaar of ander persoon of enige persoon in sy diens; of

(b) die verlies of skade gely is terwyl die eiendom in bewaring van so 'n eienaar of ander persoon was; of

(c) so 'n eienaar of ander persoon geweier het, behalwe in die omstandighede uiteengesit in subartikel (2), om die eiendom wat vir bewaring aangebied is, te ontvang of versuim het om toereikende voorsiening te maak waardeur die eiendom by hom in bewaring gelaat kon word; of

(d) so 'n eienaar of ander persoon versuim het om te voldoen aan die vereistes van subartikel (3).

(2) Die eienaar of ander persoon in beheer van 'n huisvestingsinrigting aan wie enige eiendom vir bewaring aangebied word

extend that period for such further periods as he may determine.".

Insertion of sections 14 A, 14 B and 14 C in Ordinance 29 of 1967.

5. The principal ordinance is hereby amended by the insertion after section 14 of the following sections:—

"Guest registers shall be kept.

14A. (1) Any owner or other person in charge of an accommodation establishment shall keep or cause to be kept a guest register in the form prescribed by regulation and shall, on the arrival of any guest, enter or cause to be entered the requisite particulars in respect of such guest register.

(2) Any such owner or other person who fails to keep such register or fails to enter or cause to be entered such particulars in such register and any guest who furnishes or enters in such register any information which is not correct, shall be guilty of an offence.

"Property of guest may be sold.

14B. (1) Any owner or other person in charge of an accommodation establishment to whom any guest shall be indebted for board and lodging, may cause to be sold any property deposited with him or left in such accommodation establishment by such guest upon such conditions and under such circumstances as may be prescribed by regulation.

(2) The provisions of subsection (1) shall apply *mutatis mutandis* to property deposited with such owner or other person in terms of section 14C or left in such accommodation establishment and not reclaimed within six months from the date it has been so deposited or left.

"Limitation of liability in respect of property of guest.

14C. (1) No owner or other person in charge of an accommodation establishment shall be liable to compensate any person in respect of any loss of or injury to the property of such person sustained while such person was a guest in such accommodation establishment in any greater amount than the sum of forty rand, unless —

(a) the loss or injury is proved to have been caused by the wilful act or as the result of the default or negligence of such owner or other person or any person in his employ; or

(b) the loss or injury was sustained while the property was deposited with such owner or other person, or

(c) such owner or other person refused, save in the circumstances set out in subsection (2), to receive the property offered for deposit, or failed to make adequate provision whereby the property could be deposited with him; or

(d) such owner or other person failed to comply with the requirements of subsection (3).

(2) The owner or other person in charge of an accommodation establishment to whom any property is offered for deposit by any

deur enige gas in so 'n huisvestingsinrigting kan vereis dat die eiendom in 'n geskikte houer, toegemaak en verseël deur die aanbieder, verpak moet word, en enige weiering deur so 'n eienaar of ander persoon om eiendom vir bewaring te ontvang, gebaseer op die versuim van so 'n gas om te voldoen aan so 'n vereiste, ontneem nie sodanige eienaar of ander persoon van die voordele van die beperking van aanspreeklikheid verleen deur subartikel (1) ten opsigte van die verlies van of skade aan sodanige eiendom nie.

(3) So 'n eienaar of ander persoon moet 'n afskrif van subartikels (1) en (2) in minstens die twee amptelike tale op so 'n manier en in so 'n deel van die portaal of ingang van die huisvestingsinrigting vertoon dat dit geredelik gesien en maklik gelees kan word deur enige gas in so 'n huisvestingsinrigting."

Kort titel.

6. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1969.

guest in such accommodation establishment may require that the property shall be contained in a suitable receptacle, closed and sealed by the depositor, and any refusal by such owner or other person to accept property for deposit based upon the failure of such guest to comply with such requirement shall not deprive such owner or other person of the benefits of the limitation of liability in respect of loss of or injury to such property conferred by subsection (1).

(3) Such owner or other person shall exhibit a copy of subsections (1) and (2) in at least the two official languages in such manner and in such part of the hall or entrance of the accommodation establishment that it may be readily seen and easily read by any guest in such accommodation establishment.".

6. This ordinance shall be called the Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1969. Short title.

No. 12 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) om die bepalings op die vang en aanhou van wild deur eienaars of bewoners van grond uit te brei; om die heffing op wild wat na die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, af te skaf en om voorsiening te maak vir verwante sake.

(Goedgekeur op 14 April 1969)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 16 van Ordonnansie 31 van 1967.

1. Artikel 16 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) — hierna genoem die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:—

„(2A) (a) Nieteenstaande enige strydige bepaling van subartikel (1) maar origens onderworpe aan al die bepalings van hierdie ordonnansie en van enige ander wet geldend in die Gebied betreffende die aanhou, versorging, vervoer, verkoop en uitvoer van wild, kan die eienaar of bewoner van grond op sodanige grond en met behulp van helpers onder sy persoonlike toesig wild, uitgesonderd spesiaal beskermde en beskermde wild, vang en aanhou mits —

(i) sodanige grond van voldoende omheining voorsien is, en

(ii) die Direkteur van Natuurbewaring en Toerisme die beoogde metode waarvolgens die toerusting waarmee en die doel waarvoor sodanige eienaar of bewoner sodanige wild wil vang, vooraf skriftelik goedgekeur het.

(b) Indien daar na die mening van die genoemde Direkteur misbruik gemaak word van enige goedkeuring verleen ingevolge paragraaf (a) kan hy sodanige goedkeuring te eniger tyd intrek.

(c) Binne sewe dae nadat enige wild ingevolge hierdie subartikel gevang is, moet die genoemde Direkteur skriftelik verwittig word van die getal en soort wild gevang en die datum waarop en die plek waar sodanige wild gevang is."

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 31 van 1967.

2. Artikel 19 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „Vir elke sodanige permit moet" te vervang deur die woorde „Buiten vir die uitvoer van enige wild, karkas of vel na die Republiek van Suid-Afrika, moet vir elke sodanige permit ".

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring 1969.

No. 12 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) to extend the provisions on the capture and keeping of game by owners and occupiers of land; to abolish the levy on game exported to the Republic of South Africa, and to provide for matters incidental thereto.

(Assented to 14 April 1969)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 16 of Ordinance 31 of 1967.

1. Section 16 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the insertion of the following subsection after subsection (2):—

"(2A) (a) Notwithstanding anything to the contrary in subsection (1) but otherwise subject to all the provisions of this ordinance and of any other law in force in the Territory relating to the keeping, care, transport, sale and export of game, the owner or occupier of land may capture and keep game, except specially protected and protected game, on such land with the aid of helpers under his personal supervision provided —

(i) such land is enclosed with a sufficient fence; and

(ii) the Director of Nature Conservation and Tourism has approved beforehand in writing the proposed method whereby, the equipment with which, and the purpose for which such owner or occupier wishes to capture such game.

(b) If in the opinion of the said Director misuse is made of any approval granted in terms of paragraph (a), he may at any time cancel such approval.

(c) Within seven days after any game has been captured in terms of this subsection the said Director shall be informed in writing of the number and species of game captured and the date on which and the place where such game was captured.

Amendment of section 19 of Ordinance 31 of 1967.

2. Section 19 (2) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "Except for the export of any game, carcase or skin to the Republic of South Africa, a levy for every such permit" for the words "For every such permit a levy".

Short title.

3. This ordinance shall be called the Nature Conservation Amendment Ordinance, 1969.

No. 13 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) om voorsiening te maak vir die opstel van aanvullende kieserslyste ook in die jaar waarin daar 'n algemene verkiesing gehou word.

(Goedgekeur op 14 April 1969)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 33 van Ordonnansie 13 van 1963.

1. Artikel 33 (2) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) word hierby gewysig deur die woorde „waarin daar nie 'n algemene verkiesing gehou word nie" te vervang deur die woorde „behalwe in die jaar voor die jaar waarin daar 'n algemene verkiesing gehou word".

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie 1969.

No. 13 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to provide for the making of supplementary voters' lists also in the year in which a general election is held.

(Assented to 14 April 1969)
(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 33 of Ordinance 13 of 1963.

1. Section 33 (2) of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) is hereby amended by the substitution for the words "in which a general election is not held" of the words "except in the year before the year in which a general election is held."

Short title.

2. This ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1969.

No. 14 van 1969.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1930 (Ordonnansie 16 van 1930) om voorsiening te maak dat verpleegpersoneel oorgeplaas kan word van 'n staatshospitaal na 'n staatsondersteunde hospitaal en omgekeerd.

(Goedgekeur op 14 April 1969)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 25 van Ordonnansie 16 van 1930 soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 10 van 1938, artikel 4 van Ordonnansie 5 van 1944 en artikel 4 van Ordonnansie 24 van 1955.

1. Artikel 25 van die Ordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1930 (Ordonnansie 16 van 1930) word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel by te voeg:—

„(3) Behoudens die bepalings van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957) en die regulasies daarkragtens gemaak en van subartikel (1) en onderhewig aan haar toestemming, kan enige verpleegster in 'n staatshospitaal oorgeplaas word na 'n staatsondersteunde hospitaal, en kan enige suster of verpleegster in 'n staatsondersteunde hospitaal oorgeplaas word na 'n staatshospitaal."

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings 1969 en word beskou as in werking vanaf 30 November 1968.

No. 14 of 1969.]

ORDINANCE

To amend the Hospitals and Charitable Institutions Ordinance, 1930 (Ordinance 16 of 1930) to provide that nursing staff may be transferred from a state hospital to a state-aided hospital and vice versa.

(Assented to 14 April 1969)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 25 of the Hospitals and Charitable Institutions Ordinance, 1930 (Ordinance 16 of 1930) is hereby amended by the addition after subsection (2) of the following subsection:— Amendment of section 25 of Ordinance 16 of 1930 as amended by section 1 of Ordinance 10 of 1938, section 4 of Ordinance 5 of 1944 and section 4 of Ordinance 24 of 1955.

"(3) Subject to the provisions of the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957) and the regulations made thereunder and of subsection (1) and subject to her consent, any nurse in a state hospital may be transferred to a state-aided hospital and any sister or nurse in a state-aided hospital may be transferred to a state hospital."

2. This ordinance shall be called the Hospitals and Charitable Institutions Amendment Ordinance, 1969, and shall be deemed to have come into operation on 30 November 1968. **Short title.**